*Maandag* **9 Februarie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 2:4-7**

**God se barmhartigheid is genade**

Ons Skrifgedeelte verduidelik die kontras tussen lewe en dood. Die vorige lewe van die gelowiges in Efese word verduidelik as ’n lewe wat na die dood lei. Dit het hulle kinders van die toorn gemaak (AFR53). Waardig om gestraf te word, met ander woorde.

Vers 4 begin met die woord “maar”. Daar het ’n verandering gekom. Dit lei tot die lewe. God se barmhartigheid. Die woord barmhartig beteken om iemand innig jammer te kry. Barmhartigheid is ’n Goddelike emosie. Daaragter lê gevoelens van liefde, empatie en genade. Daarom lees ons twee keer hier dat hierdie mense uit genade gered is (vs 4, 8). Dit beteken sonder verdienste. Dit was nie vir God nodig om dit te doen nie, maar Hy het.

Vir die gemeente in Efese, asook vir ons, wek hierdie twee woorde, barmhartigheid en genade, in ons ’n gevoel van uiterste vreugde en blydskap. Waar ons die toorn van God as straf moes beleef en ervaar oor ons sonde, het dit nie gebeur nie. God se liefde, barmhartigheid en genade word aan ons deur die dood en opstanding van Jesus Christus aan die kruis toegedeel. Ons kry deel daaraan.

Hoe? Deur die geloof. Uit genade is julle gered deur die geloof. Nie uit onself nie, maar ons ontvang dit as gawe deur die werking van die Heilige Gees wat alle gawes aan God se uitverkore kinders uitdeel. Deur die geloof kan ons ons lewens in dankbaarheid voortsit deur die werke wat God vir ons voorberei het (vs 10), uit te voer. Die wonder en troos daarvan is dat ons dit nie doen om gered te word nie, maar omdat ons met dankbaarheid en vreugde vervul is oor God se barmhartigheid en genade.

Voer dan jou roeping as God se kind met dankbaarheid uit. Doen die werke wat God deur sy barmhartigheid en genade voorberei het en dra so die vrug van die Gees uit sodat ander God se liefde in jou kan raaksien.

*Sing: Psalm 103-1:9*

*Ds. N (Neville) Boy (Thabazimbi)*